

NG KEMPTON-HOOGLAND // 16 FEBRUARIE 2021

# HOOGTEPUNT



Liewe gemeente,

Ons deel graag 'n bietjie nuus.

## DR. NEELS DU RANDT SE AFSKEIDSPREEK

Op Sondag, 28 Februarie 2021, lewer Dr. Neels du Randt sy afskeidspreek tydens die oggenddiens. Ongelukkig is ons nog vanweë Covid-19 regulasies beperk met getalle.

Die oggenddiens sal regstreeks uitgesaai word. Ons kan voorsiening maak vir 50 lidmate om in Kairos die diens by te woon. Ongelukkig is die kerk reeds vol. Dit is baie belangrik dat jy jou plek vooraf sal bespreek deur 'n kaartjie aan te koop. Kaartjies vir Kaartjiekkerk in Kairos sal Maandag, 22 Februarie, beskikbaar wees.

## ASWOENSDAG STASIES

Ons nooi julle om deur die Aswoensdag stasies te kom loop hierdie week. Die stasies in die kerkgebou sal vanaf Woensdag, 17 Februarie, 18:00-20:00 beskikbaar wees. Die stasies sal tot Vrydagaand beskikbaar wees. Kom stap deur en begin die pelgrimsreis van Lydenstyd, nie te voet nie, maar na binne.

Covid-19 protokol geld en daar sal selfs 'n sanitasie stasie wees!

## GROOT LYDENSWEK STASIES

Ons gemeente het 'n ongelooflike terrein! Ons wil die geleentheid gebruik om ook vir mense 'n geestelike ervaring op ons terrein tydens Groot Lydensweek te gee. Ons wil dit vir ons lidmate sowel as besoekers moontlik maak om die verhaal van die kruisiging en opstanding van Jesus Christus op ons terrein te beleef.

Ons vra ons lidmate se ondersteuning en kreatiwiteit in hierdie projek. As jy betrokke wil raak of jou gesin, vriendekringe of omgegroepe bereid is om by een stasie voor te loop kan jy asseblief vir Jeanine kontak by 083 390 3858 of [jeanineh@realnet.co.za](mailto:jeanineh@realnet.co.za)

## VERKIESING AS KERKRAADSLID

Tydens die Kerkraadsvergadering gehou op 25 Januarie 2021 is die volgende persoon verkies as diaken: André van Rooyen van Van Riebeeckpark Gardens 9, De Villierslaan 52, Van Riebeeckpark.

**SONDAG  
21 FEBRUARIE**  
**OGGENDDIENS OM 08:30**

Ds. Theo Janse van  
Rensburg  
*(Hierdie diens sal regstreeks  
uitgesaai word)*

**OGGENDDIENS OM 10:00**

Ds. Theo Janse van  
Rensburg

**JEUGDIENS OM 18:30**

Gerhard van Staden  
*(Hierdie diens sal slegs aanlyn  
beskikbaar wees)*

*Bespreek nou!*  
**KAARTJIE  
KERK**

Jy moet **vooraf** 'n kaartjie "koop" vir die diens sodat ons binne die regulasies kan bly. Daar is slegs 50 kaartjies per diens beskikbaar.

**Klik hier** om jou kaartjie te koop.

## KATEGESE AFSKOP 2021

Yay! Ons bediening aan ons jongmense skop die **7de Maart 2021** in lewende lywe af!

Hierdie jaar vind die registrasie slegs aanlyn plaas. Besoek asseblief ons webblad of klik op die skakel hier onder om jou kind/tiener in te skryf. Dis BAIE maklik en boonop kan jy al jou kinders op EEN Google Form registreer.

Almal moet asseblief inskryf, al was jy voorheen by die kategese ingeskakel, sodat ons kan beplan vir hoeveel kinders/tieners ons lesmateriaal moet voorberei. Hierdie gaan 'n jaar van kreatiewe denke wees!

### Borrelbekkies Kleuterkerk

3 jaar - Graad R

### Junior Kategese

Graad 1 - 6

### Senior Kategese

Graad 7 - 11

**Klik hier** om vir kategese te registreer.



## WOESTYNTYD BOKSE

Hierdie is 'n alles-in-een boks wat elke huis kan gebruik om saam hulle geloof te bevorder tydens Lydenstyd. Die huis is die primêre plek vir geloofsvorming en ons wil jou help om saam jou hele gesin, prakties deur die 40 dae van Lydenstyd (of te wel die Engelse "Lent") gesin te reis. Hierdie reis wil van kennis, verhoudings, aksie en aanbidding iets prakties maak en op dieselfde tyd verhoudings verdiep

Van gebrande palmtakke tot by Lentebloeisels. Van die woestyn tot by die opstandingstuin. Kom reis saam!



## Wat is in die boks?

- 46 oordenkings - een vir elke dag van Lydenstyd.
- Alles wat jy nodig het - van die as (vir Aswoensdag natuurlik!) tot kerse, saad om jou eie gras te groei, blomme, potte en woestynsand word ingesluit!

Julle sal ook mal wees oor Lydenstyd kalender met 40 geloofsgewoontes wat selfs die kleinste lid van die gesin sal kan oefen.

Bokse kan hierdie week by die kerkkantoor of vanaf 18:00 en 20:00 by die kerk afgehaal word met die Aswoensdag stasies.